

**Skrifgedeelte: Matteus 10:26-33**

**Fokusgedeelte: Matteus 10:32, 33**

Hoe bereid is ons om ons geloof openlik te bely? Bly ons nie soms stil terwyl ons moet praat nie? Klaarblyklik is praat of swyg in hierdie geval nie ons eie keuse nie. Ons het 'n duidelike opdrag. Die Here Jesus verwag dat ons openlik van Hom voor die mense sal praat. Ons is mos sout vir die aarde en lig vir die wêreld. Verder ook: "Gaan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels ..."

Waarom huiwer ons dan soms om die opdrag uit te voer? Is dit nie dalk omdat ons vir mense bang is nie (vs 26, 28)? Ons is bang vir 'n negatiewe reaksie. Ons is bang ons kom tweede in 'n konfrontasie. Ons wil nie ons eie eer of lewe op die spel plaas nie. Maar wat gebeur? Het u al daaraan gedink? Ons verloën ons Here, ons Koning! Toe Hy sy eer vir ons op die spel moes plaas, was Hy bereid. Hy het as vervloekte aan die kruis gehang en sy lewe afgelê. Daarteenoor is ons soms skaam, bang of te eergevoelig om openlik oor Hom te praat. Hy waarsku: "Maar hom wat My voor die mense verloën, sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemel is."

As ek en jy swyg terwyl ons veronderstel is om te praat, dobbel ons mos met ons toekoms. Ongehoorsaamheid is in dié geval niks anders as ondankbaarheid nie. Kom ons bid dat die Heilige Gees ons die vrymoedigheid sal gee om onverskrokke oor die verlossingswerk van ons Here Jesus te praat. Dit is immers sy opdrag!

**Bely of swyg –  
dit is die vraag**



Publikasie  
Publication



Nr./No.: E02